

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 1 HOFPROSEDURES

15 MAART 2022

09:00-12:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 3 ure volg daarna.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat 'n totaal van 40% en minder as 50% behaal sal hy/sy 'n mondeling moet aflê. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en druij dus hierdie eksamen.

VRAAG 1 **[2]**

Definieer die term “vervoer” soos gedefinieer onder die Padongelukkefonds Wet 1996, Wet Nr. 56 van 1996.

VRAAG 2 **[4]**

Wie is ‘n “werknemer” in terme van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes Nr. 130 van 1993, Artikel 56(1)(b), (c), (d) and (e)?

VRAAG 3 **[3]**

Die Padongelukkefonds mag ‘n vooruitbetaling maak aan ‘n derde party, uit die bedrag toekenbaar aan die derde party in respek van ... Noem hulle.

VRAAG 4 **[2½]**

- 4.1 Die Padongelukkefonds het ____ dae vanaf die datum van indiening om die eis te ondersoek. (½)
- 4.2 ‘n Eis sal geag word om onder wetgewing wettig te wees in alle respekke as die Padongelukkefonds nie binne ____ dae, vanaf die datum waarop die eis gestuur was na die Fonds toe by wyse van geregistreerde pos of fisiese aflewering, die wettigheid van die eis betwis het nie. (½)
- 4.3 Geen eis is afdwingbaar in terme van ‘n regsGEDING wat van stapel gestuur is, deur middel van die dien van ‘n dagvaarding op die Fonds voor die verstryking van ‘n periode van ____ dae, vanaf die datum van die liassing van die eis, en voor al die vereistes van die Fonds soos uiteengesit in Artikel 19(f) van die POF Wet nagekom is. (½)
- 4.4 Die eienaar en die bestuurder van ‘n motorvoertuig wat betrokke was in ‘n ongeluk waar persoonlike beserings of dood plaasgevind het, indien redelik moontlik, moet binne ____ dae na die ongeluk die Padongelukkefonds voorsien op die voorgeskrewe vorm, van die besonderhede van die voorval asook om rekeninge te voorsien soos versoek ongeag wie blaamwaardig is. (½)
- 4.5 Nadat die derde party ‘n eis geliasseer het in terme van Artikel 24 van die Padongelukkefonds Vorm 4 verslag binne die vereiste periode, moet die POF of sy agent in terme van Artikel 3(3)(dA) binne ____ dae vanaf die datum waarop die ernstige beseringsevalueering verslag gestuur was na die Fonds of sy Agent wie die eis moet hanteer in terme van Artikel 8, by wyse van geregistreerde pos of fisiese aflewering, die ernstige beseringsevalueering verslag aanvaar of verwerp of versoek dat die derde party homself of haarself onderwerp aan ‘n verdere evaluering. (½)

VRAAG 5 **[7½]**

Mnr. Shabangu het sy Mazda 323 Sedan bestuur in Straightstraat toe mev. Malinga ‘n rooi verkeerslig verontagsaam het teen ‘n hoë spoed, terwyl sy onder die invloed van alkohol was, met haar Porsche sport motorvoertuig, en sodoende met mnr. Shabangu se voertuig gebots het. As gevolg van die botsing het mnr. Shabangu die

gebruik van sy bene verloor, wat daartoe bygedra het dat hy permanent 'n rolstoel moet gebruik met die gevolg dat hy sy werk verloor het, met in agneming van die feit dat hy die hoof broodwinnaar van sy familie was, bestaande uit drie (3) vrouens and nege (9) minderjarige kinders. Hy lewe nou van 'n maandelikse Staatstoelaag. Tydens die botsing was mnr. Shabangu besig om drie (3) van sy minderjarige kinders skool toe te vervoer, Lindi, Joe en Thabiso. Lindi en Joe het geringe beserings opgedoen, maar Thabiso het met die botsing op slag gesterf. Een van sy vrouens, Lora, was ook in die voertuig gewees en sy het ernstige traumatiese hoofbeserings opgedoen.

- 5.1 Wat is die vereistes wat nagekom moet word deur Lora as 'n passasier om 'n onbeperkte eis teen die Padongelukfondse te hê? (2)
- 5.2 In wie se skoene tree die POF om aanspreeklikheid vas te stel, mnr. Shabangu of mev. Malinga? (2)
- 5.3 Watter "vorm" moet mnr. Shabangu by die POF indien, indien moontlik, binne 14 dae na die ongeluk? (1)
- 5.4 Is die POF onder verpligting om mnr. Shabangu te vergoed ongeag die feit dat mev. Malinga onder die invloed van alkohol was? (1/2)
- 5.5 Is die POF geregtig, sonder om sessie te neem van die reg op aksie, om te verhaal vanaf mev. Malinga. (1/2)
- 5.6 Het die eiser (mnr. Shabangu) die reg om getakseerde party en party koste te verhaal vanaf die POF indien geen ooreenkoms bereik kan word, sonder 'n bevel van die Hof, en sonder om 'n dagvaarding uit te reik. (1/2)
- 5.7 As Lora beweer dat sy vervoer was, op wie rus die bewyslas? (1)

VRAAG 6 **[6]**

Sam neem sy vader se motorvoertuig sonder toestemming om sy sewejarige broer Tom, te leer bestuur. Terwyl Tom besig was om op 'n publieke pad te bestuur, verloor hy beheer oor die motorvoertuig en bots met 'n luukse motorvoertuig, welke botsing ernstige skade veroorsaak aan die vermelde motorvoertuig. Die eienaar van die luukse motorvoertuig dagvaar Tom en Sam vir die skade aan die motorvoertuig as die eerste en tweede Verweerder, onderskeidelik, op die fondasie van gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid ten opsigte van beide Tom en Sam.

Adviseer die ouers van Sam en Tom ten opsigte van die regte van beide kinders, met in agneming van die Verdeling van Skadevergoeding, Wet 34 van 1956 soos gewysig.

VRAAG 7 **[14]**

U kliënt Ansha Sayed deel u mee dat sy in terme van 'n skriftelike ooreenkoms goedere gekoop en ontvang het van Contra Verskaffers (Edms) Bpk en dat die koopprys van R1,000,000 verskuldig en betaalbaar is. Sy het egter nou 'n skrywe met stawende dokumente van prokureurs wat vir Security Credit (Edms) Bpk optree ontvang waarin hulle aanspraak maak op die betaling op grond van die feit dat die eis aan Security Credit (Edms) Bpk sedeer is.

Op navraag by Contra word u meegedeel dat die boekskulde op 'n stadium as sekuriteit sedeer was maar dat dit nie meer geld nie en behoorlik gekanselleer is. Dit blyk duidelik uit korrespondensie met die partye se regsverteenwoordigers dat daar 'n dispuut tussen hulle is. U kliënt is bereid en in staat om te betaal maar sy is onseker wie van hierdie aanspraakmakers sy moet betaal.

- 7.1 Wat sal u doen om u kliënt se belange te beskerm? (1)
- 7.2 Stel u kliënt se eedsverklaring op. U mag sodanige addisionele feite as wat u nodig ag gebruik maar u hoef nie die Kommissaris van Ede se attestasie klousule op te stel nie. (13)

VRAAG 8 **[7]**

In terme van die Hofreëls van die Hoë Hof en van die Landdroshof kan 'n eksepsie aangeteken word teen besonderhede van vordering op grond daarvan dat dit vaag en verwarrend is of nie 'n skuldoorsaak openbaar nie.

Beantwoord die vrae wat volg met verwysing na die eksepsiegrond dat die Besonderhede van Eis vaag en verwarrend is aangesien dit lui dat "Verweerder se gedrag kontrakbreuk daarstel of daar een of ander onregmatige daad teen Eiser gepleeg is":

- 8.1 Binne welke periode moet 'n eksepsie geneem word? (1)
- 8.2 Welke prosedurele stap is nodig indien 'n party van voorneme is om 'n eksepsie te neem dat die pleitstuk vaag en verwarrend is? (1)
- 8.3 Stel slegs die inhoud van die nodige kennisgewing op om gevolg te gee aan wat u in 8.2 hierbo in gedagte het. U mag die kopstuk en besonderhede van die prokureurs weglaat. (5)

VRAAG 9 **[4]**

U tree namens die verweerder op in elk van die volgende bestrede aksies. Welke prosedurele stap sal u gebruik in elk van die volgende gevalle?

- 9.1 U instruksies is dat ten opsigte van 'n eis teen u kliënt daar 'n ander persoon is, wie nie 'n party in die geding is nie, wat u kliënt indemnifiseer het. (1)
- 9.2 Die eiser wat gedagvaar het by wyse van 'n enkelvoudige dagvaarding versuim om sy deklarasie te liasseer en u kliënt is begerig om die aangeleentheid so spoedig moontlik te finaliseer. (1)
- 9.3 U het 'n spesiale pleit van gebrek aan jurisdiksie in die Landdroshof liasseer. Die landdros wys die spesiale pleit van die hand. U is oortuig hy is verkeerd. (1)
- 9.4 U opponent se besonderhede van vordering voldoen nie aan die vereistes in Reël 18 vir die opstel van pleitstukke nie. (1)

VRAAG 10**[7]**

U kliënt, mnr. Speedy, voorsien u van 'n klagstaat waarin hy aangekla is dat hy die wettige spoedbeperking oortree het, in terme van 'n 60 kilometer zone waarin hy teen 160 kilometer per uur bestuur het met sy motorvoertuig net buite Bloemfontein op 5 Maart 2021.

Op die stadium toe die Verkeersbeamptes hom afgetrek het, was sy vrou by hom gewees, en was hy oppad om sy bejaarde moeder te gaan haal aangesien hy haar hospitaal toe moes neem, omdat sy in 'n kritiese kondisie was as gevolg van 'n erge asma aanval wat sy gekry het. Hy het die Verkeersbeampte meegedeel van die toedrag van sake, waarop die Verkeersbeampte opgemerk het dat hy die storie al telke male vantevore gehoor het, en dat hy in iedere geval 'n dagvaarding gaan uitreik.

Stel 'n representasie op aan die relevante gesag met in agneming van die bovermelde informasie, asook enige ander faktore wat relevant mag wees.

VRAAG 11**[7]**

Tydens die ontvang van instruksies om 'n kliënt te verdedig op 'n aanklag van bedrog, kom u tot die slotsom dat die klagstaat nie voldoen aan die vereistes van die Strafproseswet 51 van 1977 soos gewysig, nie.

- 11.1 Noem die moontlike gronde waarop u geregtig sal wees om 'n verweer aan te teken teen die klagstaat. (5)
- 11.2 Watter prosedure sal u volg om die verweer deur die hof aan te spreek? (2)

VRAAG 12**[7]**

U ontvang instruksies om 'n pleit en vonnis ooreenkoms op te stel vir u kliënt.

- 12.1 Wat is die twee basiese vereistes wat moet bestaan alvorens die tersaaklike ooreenkoms oorweeg kan word? (3)
- 12.2 Wie moet aan die hofverrigtinge deelneem? (2)
- 12.3 In watter formaat moet die ooreenkoms opgeneem word? (1)
- 12.4 Watter rol speel die hof in die onderhandelings? (1)

VRAAG 13**[4]**

Die polisie het, onderhewig aan grondwetlike voorskrifte, wye magte om ondersoek te doen ten opsigte van beweerde oortredings van stapel te stuur. Noem hierdie magte.

VRAAG 14**[3]**

U kliënt gee u instruksies om M N Trust te dagvaar. Die Trust het twee trustees, te wete, mnr. M en mev. N. Stel die paragraaf/paragraawe op in die Besonderhede van Eis ter vermelding van die Verweerder(s) se besonderhede.

VRAAG 15**[3]**

U kliënt word gedagvaar deur Brown's Fisheries. Sy gee u instruksies om die aksie te verdedig. Sy vra u om uit te vind wie die persoon is wat haar dagvaar, aangesien sy verwag om 'n kostebevel in haar guns te kry. Stel die dokument op wat ontwerp is, om hierdie onsekerheid op te klaar. U mag die opskrif en einde uitsluit.

VRAAG 16**[3]**

U het 'n dagvaarding uitgereik vir die prys verskuldig ten opsigte van goedere verkoop en afgelewer. Die Verweerder liaseer 'n Intensie om te Verdedig.

- (i) Op watter oomblik in die geding mag u aansoek doen vir summiere vonnis? (1)
- (ii) Watter dokumente sal u voorberei om hierdie applikasie te bring? (2)

VRAAG 17**[5]**

A en B besit en bedryf aangrensende plase. 'n Veldbrand breek uit op A se plaas en versprei na B se plaas. Plaas B het teenstrydig met wetgewing gebrekkige voorbrand lyne gemaak. As gevolg van die vuur, lei B verliese van R200 000. A erken aanspreeklikheid vir die veldbrand maar pleit dat die skade minder sou gewees het, as B volledige voorbrand lyne gemaak het. A maak 'n aanbod in terme van Reël 18 in die som van R90 000 asook koste tot op datum. B verwerp die aanbod. Die saak gaan op verhoor. Die Magistraat stem saam met A ten opsigte van die voorbrand lyne en bevind ten gunste van B in die som van R80 000 met koste. A se Prokureur maak die hof attent op die aanbod.

- (i) Wat sal die effek hiervan wees op die kostebevel? (3)
- (ii) Vir watter kapitale bedrag moes die bevel uitgereik gewees het? (2)

VRAAG 18**[4]**

By 'n verhoor in die Landdroshof, ten opsigte van 'n motorvoertuig botsing, is die bestuurders van die motorvoertuie ook die enigste twee getuies. Hulle lewer totaal en al twee verskillende weergawes van wat plaasgevind het.

- i) Wat is die mees verwagte bevinding wat die hof sal maak? (2)
- ii) 'n Onafhanklike getuie neem kennis van die bevinding. Hy bevestig dat hy die hele ongeluk waargeneem het as gevolg van die feit dat hy op daardie stadium deur sy venster gekyk het. Sy herinnering van die omstandighede ondersteun ten volle die Eiser se weergawe, en verwerp geheel en al die Verweerder se weergawe. Wat moet die Eiser doen om sy skade te verhaal? (2)

VRAAG 19**[7]**

Bongani wil 'n motorhuis bou by sy huis. Hy gaan 'n kontrak aan met 'n bouer te wete Additions and Alterations Company (Pty) Ltd (Maatskappy Registrasie Nommer 123/99). Die kontrak reflekteer die naam van die bouer as Additions and Alterations (Pty) Ltd. Die kontrak bepaal dat op ondertekening van die kontrak, Bongani 'n

deposito van R30 000 moet betaal, asook 'n verdere R30 000 wanneer die werk halfpad afgehandel is, en die balans van die kontrakprys, te wete R60 000, wanneer die werk voltooi is.

Die werk het 'n aanvang geneem met Bongani wat R30 000 betaal het, en op die versoek van die bouer 'n verdere bedrag van R20 000. Op die stadium het die kontrakteur die werk verlaat as gevolg van die feit dat hy 'n dringende en meer winsgewende kontrak elders gekry het. Bongani kanselleer die tersaaklike kontrak per brief. Bongani het toe voortgegaan om 'n ander bouer aan te stel om die werk te voltooi teen R110 000. U ontvang instruksies van Bongani om die oorspronklike kontrakteur te dagvaar vir die bedrag wat hy as verlies gelei het.

Stel die Besonderhede van Eis op met uitsluiting van die opskrif maar met insluiting van die einde.

Gebruik u eie informasie soos relevant.

- DIE EINDE -

LAW SOCIETY
OF SOUTH AFRICA